



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2009

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

## DIE FINALE AANGEPASTE MEMORANDUM

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

**AFDELING A**

**VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

1.1 Kies die korrekte woord(e) wat die beste pas uit die wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 In die Afrika Tradisionele Godsdiens verwys die name 'Modimo', 'U Mvelingangi' en 'Mukurukuku na (Preister/**God**/Satan). (2)

1.1.2 Die heilige geskrif van Judaïsme is (die Bybel/die Koran/die Vedas/**Tanach**). (2)

1.1.3 Sunni is een vertakking van die (Baha'i-/Boeddhis-tiese/**Islamitiese**/Joodse) godsdiens. (2)

1.1.4 Die Dhammapada is 'n heilige boek van (die Christendom/Judaïsme/**Boedhhisme**/Sjintoïsme). (2)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer. Indien dit ONWAAR of WAAR is, motiveer u aantwoor deur die sin korrek oor te skryf..

1.2.1 Baha' u'llah is die profeet/stigter van die Baha'i-geloof.

**WAAR** (2)

1.2.2 Volgens die Joodse geskiedenis was Moses die eerste persoon wat besef het dat daar een God is.

**ONWAAR**
**Volgens die Joodse geskiedenis was Abraham die eerste persoon wat besef het dat daar een God is.** (2)

1.2.3 Die Vedas word beskou as die heilige geskrif in die Christelike geloof.
**ONWAAR**
**Die Vedas word beskou as die heilige geskrif in die Hindoe-godsdiens. Die Bybel is die heilige geskrif in die Christelike geloof.** (2)

1.2.4 Die Presbiteriaanse Kerk het in Suid-Afrika ontstaan.

**ONWAAR**
**Die Presbiteriaanse Kerk het in Skotland ontstaan.** (2)

1.3 In EEN sin, verduidelik die Wet (Beginsel) van Karma.

**Die Wet van Karma verwys na die oortuiging dat elke aksie 'n gevolg he wat selfs in 'n latere reïnkarnasie kan manifesteer.** (2)

1.4. Wat beteken die term *Halaal* in die Islamitiese geloof?

**Die term Halaal beteken toelaatbaar vir Moslems.** (2)

Kopiereg voorbehou 

1.5 Kies 'n item uit KOLOM B om wat die beste pas by 'n woord/beskrywing in KOLOM A . Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.5.1 – 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.6 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.5.1 Sjaria | A. Afrika Trdisionele Godsdiens |
| 1.5.2 Baha'i | B. China |
| 1.5.3 Verering van die voorvaders | C. Grondwet |
| 1.5.4 Taoïsme | D .Heilige Wet van Islam |
| 1.5.5 Vryheid van geloof en godsdiens | E. Kitáb-i-Aqdas |

| KOLOM A | ANTWOORDE | |
|---|---|---|
| 1.5.1 Sharia | **D** | (2) |
| 1.5.2 Baha'i | **E** | (2) |
| 1.5.3 Verering van die voorvaders | **A** | (2) |
| 1.5.4 Taoïsme | **B** | (2) |
| 1.5.5 Vryheid van geloof en godsdiens | **C** | (2) |

1.6 Definieer en verduidelik die begrip *ubuntu* kortliks.

- **Kom van die gesegde 'Umuntu ngumuntu ngabantu.' (Hier geneem van die Nguni-tale.)**
- **'n Persoon is 'n persoon deur sy/haar verhoudings met ander mense.**
- **Hierdie konsep is sentraal tot die leringe van Afrika Tradisionele Godsdienste.**
- **Dit is 'n filosofie van gesamentlike gees.** (4)

1.7 Noem die TWEE normatiewe bronne in Islam.

**Koran en Hadith** (4)

1.8 Verduidelik in DRIE sinne die rol en funksies van voorvaders in die Afrika Tradisionele Godsdiens.

- **Hulle is tussengangers tussen God en die lewende wesens.**
- **Hulle speel 'n rol om beskermers te wees van die lewende wesens teen teëspoed.**
- **Hulle word ook as die lewende dooies gesien.**
- **Die voorvaders hou wag oor die lewendes en kan hulle beskerm of straf.** (6)

1.9 Noem die DRIE vertakkings van Boeddhisme.

- **Theravada Boeddhisme**
- **Mahayana Boeddhisme**
- **Vajrayana Boeddhisme** (6)
- **Zen-Boedhisme**
-

**50**

**TOTAAL AFDELING A:**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende konsepte in die konsep van godsdiens:

2.1.1 Uniekheid

- **Dit is daardie eienskappe wat die godsdiens anders maak as ander godsdienste.**
- **Dit is die eienskappe wat dit identifiseerbaar maak as 'n unieke godsdiens.**
- **Daar is 'n uniekheid in oortuigings, praktyke en normatiewe tekste.** (4)

2.1.2 Eenheid

- **Eenheid verwys na die faktore wat kan lei tot die deel van 'n gemeenskaplike identiteit.**
- **Dit verwys na harmonie en samehorigheid wat tussen godsdienste bestaan.**
- **Dit kan ook verwys na die erkenning van gemeenskaplike gebied tussen verskillende geloofsgroepe.** (4)

2.1.3 Eendersheid

- **Dit verwys na 'eenders wees'.**
- **Dit is belangrik om ooreenkomste te spesifiseer.** (4)

2.1.4 Verskil

- **Dit is die teenoorgestelde van eendersheid.**
- **Dit beteken 'n punt waar dinge nie dieselfde is nie.** (4)

2.1.5 Mite

- **Hierdie term kom van die Griekse woord 'mythes'.**
- **Dit is 'n fabel, woord of storie.**
- **In godsdiens verwys mite na stories wat die diepste waarhede oor die skepping, lewe en dood openbaar.** (4)

2.2 Bespreek die verskille en ooreenkomste tussen die Ortodokse, Hervormde en Konserwatiewe Judaïsme.
Die volgende randskikking beeld die verskille en ooreenkomste presies uit soos die vraag vereis:

a. **Die Tora en die Talmoed**
**- Die Ortodokse Judaisme aanvaar die hele Tota en Talmoed (mondeling) soos deur God geopernbaar**
**- Die Konserwatiewe Judaisme aanvaar ook die Tora en die Talmoed**
- Die Hervormde Judaisme aanvaar die Tora en die Talmoed

b). **Godsdienstige oefeninge**

- **Hervormde Judaisme het baie van hierdie oefeninge (soos diëeetwette en gebedsbokse) as onnodig verklaar**

- **Konserwatiewe Judaisme verwerp SEKERE (sommige) van die voorskriftelike spekte. Hulle verwerp ook baie praktyke wat as uitgediend beskou**

b. **Die Tien Gebooie**

- **Ortodokse Judaisme: Hulle daaglikse lewe word geleef vollgend die Tien Gebooie van God.**
- **Ortodokse Judaisme leef volgens die voorskrifte want volgens hulle reflekteer die gehoorsaamheid aan God. – vir hulle is dit van uiterste belangrikheid+**

**Ortodokse Judaïsme**

- **Hierdie tak aanvaar die hele Tora.**
- **Dit sluit die geskrewe vorm (Pentateug) en die mondelinge deel (die Talmoed) in, soos deur God self geopenbaar.**
- **Hulle daaglikse lewens word volgens die gebooie van God geleef.**
- **Nakoming van die voorskrifte weerspieël gehoorsaamheid aan God, en dit word as baie belangrik gesien.** (15)

**Hervormde Judaïsme**

- **Die beweging het in Duitsland begin in die 19de eeu.**
- **Die Jode het gevoel dat hulle hul geloof by 'n veranderende wêreld moet aanpas.**
- **Hulle het hulle tuisland as die land van hul geboorte gesien.**
- **Hulle het nie verwag dat 'n Messias hulle sal teruglei na die Heilige Land van Palestina nie.**
- **Hulle verklaar dat baie voorskrifte (soos dieetwette en gebedskamers) onnodig is.**
- **Hulle het die fundamentele beginsels gevolg, maar nie praktyke wat hulle gedink het is verouderd nie.**

**Konserwatiewe Judaïsme**

- **Hierdie beweging het ontstaan as 'n reaksie op Hervormde Judaïsme.**
- **Konserwatiewe Jode verwerp baie van die praktyke van die Ortodokse groepe as onnodig.**
- **Hule aanvaar die Tora en die Talmoed as gesaghebbend, maar verwerp sommige van die voorskrywende aspekte.**

2.3 Ontleed die interne differensiasies in enige EEN godsdiens, behalwe Judaïsme.

**Voorbeeld gekies: Christelike godsdiens**

- **Die Christelike godsdiens word in drie hooftakke verdeel.**
- **Dit is Rooms-Katoliek, Protestants en Ortodoks.**
- **Hierdie onderskeidings is nie rigied nie.**
- **Die drie hooftakke het ook verskeie subtakke.**
- **In die Protestante tak is daar byvoorbeeld Metodiste, Lutherane, Anglikane, Pinksters, Adventiste, Moramiërs, die Rynse Lutherse Kerk ens.**
- **Die Ortodokse tak is verdeel in die Koptiese, Griekse, Russiese vertakkings ens.**
- **Die Ortodokse Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk het geskei as gevolg van verskille oor die oppergesag van die Pous.**
- **Daar was ook verskille oor die oorsprong van die Heilige Gees.**
- **Die Rooms-Katolieke Kerk leer dat die Heilige Gees van God die Vader en die Seun kom.**
- **Die Ortodokse of Oostelike Kerk leer dat die Heilige Gees slegs van God die Vader kom.**
- **Die Protestantse beweging het begin as gevolg van die Reformasie wat in 1517 begin het.**
- **Die vader van die Protestantse beweging was die Duitse monnik, Martin Luther.** (15)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Bespreek die volgende begrippe in die konteks van godsdiens kortliks:

3.1.1 Ideologie

- **Dit verwys na 'n plaasvervanger vir die term 'godsdiens'.**
- **Dit is 'n stelsel of stel oortuigings wat 'n sosiale/politiese stelsel ondersteun.** (4)

3.1.2 Dogma

- **Dit is 'n Griekse woord wat 'voorkoms' of 'mening' beteken.**
- **Dit is 'n beginsel, leerstelling of stelsel hiervan veral soos uiteengesit deur 'n kollektiewe godsdienstige gesag.** (4)

3.1.3 Oortuiging

- **Dit is 'n ferm opinie.**
- **Dit beteken ook geloof of godsdiens.** (4)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Karl Marx (1818 – 1883) was 'n invloedryke Duitse filosoof, politieke ekonoom en revolusionêr. Hy is die bekendste vir sy ontleding van die geskiedenis in terme van klasstruwelinge. Hy het beweer dat goedsdiens gebruik is om mense te onderdruk en om ongelykhede te handhaaf wat 'n bron van konflik tussen die verskillende klasse in die samelewing was. Marx het gesê: "Godsdiens is die *opium van die mensdom."
>
> [Aangepas en vertaal uit*: Shuters Religion Studies Grade 12, Hofmeyr et al. Bladsy 102 en 103]*
>
> **Opium ('n verslawende, geestesversteurende dwelm)*

3.2.1 Verduidelik wat Marx bedoel het toe hy na godsdiens verwys het as die 'opium van die mensdom'.

- **Marx het bedoel dat godsdiens die verstand vertroebel het.**
- **Dit het logiese denke verhoed.**
- **Mense kon nie verby hulle eie godsdienstige oortuiging sien nie.**
- **Dit het gemaak dat mense hulle lyding aanvaar.**
- **Godsdiens het mense gemanipuleer en beheer.** (8)

3.2.2 Gee jou eie mening oor Marx se stelling.

**JA**

- **Godsdiens is as politieke instrument gebruik om te verdeel en te regeer.**
- **Godsdiens word gebruik om teen ander mense te diskrimineer.**
- **Dit het tot oorloë gelei, soos die Kruistogte.**
- **Oorloë is gevoer om 'Heidene' te bekeer.**
- **Godsdiens dien persoonlike en groepsdoelwitte.**
- **Vrye denke word nie toegelaat nie (bv. Teorie van die sonnestelsel).**
- **Godsdiens maak mense onderdanig en maklik om te beheer.**
- **Kerkleiers het uitsluitlike regte tot godsdienstige kennis.**
- **Godsdiens is goeie besigheid.**
- **Die Pous het die finale gesag in die Katolieke Kerk.**

**NEE**

- **Godsdiens erken 'n Heilige Wese.**
- **Godsdiens leer sedelesse en waardes.**

- **Dit is 'n verenigende faktor.**
- **Dit verduidelik lewe, dood en die lewe na die dood.**
- **Dit bevorder verdraagsaamheid van ander godsdienste omdat geen godsdiens uniek is nie.**
- **Dit moedig kragtige debat aan.**
- **Dit word gesien as 'n kragtige motiveerder.**
- **Dit erken God en/of gode.**

(10)

3.3 Bespreek EEN ander (behalwe Kommunisme) sekulêre wêreldbeskouing soos ateïsme, agnostisisme of sekulêre humanisme in terme van hulle beskouing van godsdiens.

**ATEÏSME**

- **Hierdie wêreldsiening verwerp die bestaan van 'n Heilige Wese.**
- **Sagte ateïste twyfel of God bestaan, maar verwerp nie die idée aktief nie.**
- **Sterk/Positiewe ateïste glo daar is sterk bewyse dat heilige dinge nie bestaan nie.**
- **Ateïsme draai dikwels na wetenskap om die aard van die wêreld te verduidelik.**
- **Ander verwerp godsdiens om morele redes (bv. die voorkoms van godsdienstige konflik).**

(10)

3.4 Maak 'n lys van VYF algemene oortuigings wat deur die drie Abrahamiese godsdienste (Islam, Judaïsme en die Christelike godsdiens) gedeel word.

- **Hulle almal glo in een God.**
- **Hulle almal glo aan lewe na die dood.**
- **Hulle glo aan die oordeelsdag.**
- **Hulle glo aan die geopenbaarde geskrifte.**
- **Hulle glo aan die bestaan van profete.**
- **Hulle glo aan die bestaan van engele.**

(10)

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> "Godsdiensstories kom al hoe meer in die media voor, maar die oorheersende houding by die netwerke blyk te wees dat dit net 'n goeie storie is as dit geloof in 'n negatiewe lig stel, of as dit politieke omstredenheid uitlok."
>
> [Aangepas en vertaal uit*: Religion Studies Grade 12, deur Steyn et al.* Bladsy 218]

4.1 **Die Merker moet nie soek vie 'n JA of NEE antwoord nie maar moet alle relevante feit akkommodeer wat deur die kandidaat voorsien word.ust not**

Dink jy dat daar konflik bestaan tussen godsdiens en die media? Motiveer jou antwoord met ten minste EEN voorbeeld van werklike gebeure.

**JA**

- **In September 2005 publiseer 'n Deense koerant spotprente van die Profeet Mohammed.**
- **Die koerant het versoeke van Deense Imams geïgnoreer om nie die spotprente te publiseer nie.**
- **Kort daarna het Moslems in ander lande protesoptogte gehou.**
- **Sommige het gewelddadig geraak.**
- **Deense Ambassades is aangeval en Westerse besighede is geboikot**

**NEE**

- **Die media doen slegs verslag oor nuus van 'n godsdienstige aard.**
- **Die media word gebind deur die reëls van die Onafhanklike Klagtekommisie.**
- **Godsdiens word dikwels deur politici uitgebuit.**
- **Fundamentaliste moedig haat aan – nie die media nie.** (12)
- **Vryheid van die media word gereflekteer in die verskeidenheid standpunte in verskillende media.**
- **Die media is 'n besighed en soek nuus uit wat nuuswaardig is**

4.2 **Die MERKER moet alle relevante feite wat deur die kandidaat verskaf word akkommodeer selfs al sou die kandidaat slegs een godsdiens behandel.**

Bespreek menseregte kortliks, met spesifieke verwysing na vryheid van uitdrukking, met verwysing na godsdiens.

- **Menseregte is onvervreembare regte wat op almal van toepassing is.**
- **Vryheid van uitdrukking is een van dié regte, maar dit is nie onwoorwaardelik nie.**
- **Dit moet gebalanseer word met die sensitiwiteite van godsdienstige groepe.** (6)
- **Dit moet ook gebalanseer word met die doelwit van finansiële voordeel.**
- **Vryheid van uitdrukking moet gebalanseer word met respek vir godsdienstige geloof.**

4.3 Bespreek die kwessie van menseregte in enige TWEE godsdienste kortliks.

- **In Joodse en Christelike geskrifte lees ons dat Adam gemaak is na die beeld van God.**
- **Die teks heg 'n baie hoë waarde aan die mens.**
- **Die Koran sê: 'Waarlik, Ons het waardigheid aan die seuns van die mens gegee.'**
- **In die Bhagavad Gita is die idee dat God in elke wese bly, baie belangrik.**
- **In Afrika Tradisionele Godsdiens beklemtoon die konsep van Ubuntu respek vir die regte van ander.** (6)

4.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> "Die geskiedenis is vol godsdienskonflikte en selfs oorloë. Natuurlik is nie alle godsdienskonflikte oorloë nie; soms is die konflik slegs mondeling en is geen geweld betrokke nie. Soms bly die konflik vir baie jare dieselfde, en soms ontwikkel dit in oorlog."
>
> [Aangepas en vertaal uit*: Religion Studies Grade 12, deur Steyn et al.* Bladsy 226]

Beskryf EEN area van konflik waar godsdiens gesien word as deel van die probleem, onder die volgende subopskrifte: Byvoorbeeld (Sri Lanka as voorbeeld) Konflik in enige ander land kan behandel word.

4.4.1 Identifiseer die area van konflik.
**Sri Lanka** (4)

4.4.2 Ontleed die situasie.

- **Die konflik is tussen die meerderheid Singaleessprekende gemeenskap wat Boeddhiste is, en die Hindoes wat Tamil praat.**
- **Beide groepe leef al eeue saam en het mekaar se oortuiginge en praktyke beïnvloed.**
- **Toe Sri Lanka onafhanklikehdi van Brittanje bekom het in 1948, het die Hindoe Tamils gevoel dat die**

**Boeddhistiese gemeenskap teen hulle gediskrimineer het.**

- **Hulle beweer dat hulle nie gelyke studie- en werksgeleenthede gekry het nie.**
- **In 1956 is Sinhala wetlik as die enigste amptelike taal verklaar.**
- **Tamils iss dus uitgesluit uit regeringsposte.**
- **Die militante groep wat die 'Liberation Tigers of Tamil Eelam' genoem word, is in konflik met die regering.** (10)

4.4.3 Verduidelik op watter maniere godsdiens deel van die probleem is of nie.

- **Godsdiens is nie deel van die probleem nie.**
- **Die meeste Tamils en Singalese bly vreedsaam saam.**
- **Die meeste Tamils ondersteun die politieke styd, maar met 'n klein minderheid het begin veg.**
- **Baie matige Tamil-leiers is deur die 'Tamil Tigers' vermoor.** (6)

4.4.4 Verduidelik hoe godsdiens deel van die oplossing kan wees.

- **Baie intergeloof-inisiatiewe het probeer om die burgeroorlog te stop.**
- **Die Internasionale Intergeloofstigting is in 1983 gevorm.**
- **Hierdie stigting bestaan uit Boeddhistiese, Tamil-, Moslem- en Christengemeenskappe.**
- **Alle godsdiensgebaseerde organisasies doen humanitêre werk op die eiland.** (6)

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 Kies VIER godsdienste uit die lys hieronder en skryf DRIE unieke eienskappe van elkeen neer.

5.1.1 Islam (6)

- **Die Moslems glo dat daar een God is, wat Allah genoem word.**
- **Hulle glo dat God verskeie profete gestuur het, maar dat die finale boodskapper Muhammad was.**
- **Die primêre bronne is die Koran en die Hadith.**
- **Hulle glo in die Oordeelsdag wanneer die hele mensdom veroordeel sal word.**
- **Hulle glo dat die Koran openbaar is in die Arabiese taal**

**en dat dit in Arabies gelees moet word.**

5.1.2 Christendom

- **Christene glo in Jesus Christus as die Seun van God.**
- **Hulle glo dat God sy Seun gestuur het om vir hulle sondes te sterf.**
- **Hulle glo dat God 'n menslike vorm aangeneem het in Jesus Christus.**
- **Hulle glo dat Jesus gekruisig is en opgestaan het uit die dood.** (6)

5.1.3 Hindoeïsme

- **Dit is nie 'n sendinggeloof nie.**
- **God word in baie vorme gesien.**
- **Die Hindoes glo in reïnkarnasie.**
- **Die premêre bron is die Vedas.**
- **Ramayana en Mahabharata is ensiklopediese bronne**
- **Hulle glo in die Wet van Karma.** (6)

5.1.4 Boeddhisme

- **Boeddhiste glo in nie-permanensie – niks bestaan vir ewig of uit enigiets anders nie.**
- **Hulle glo in onsubstansialiteit – geen deel van die mens of enigiets anders is onsterflik of vir ewig nie.**
- **Hulle glo ook in ontevredenheid – niks is stabiel of substansieel nie, maar mense dring daarop aan om permanensie te vind, wat hulle ongelukkig maak.**
- **Nirvana is die aanvaarding van realiteit soos dit is.** (6)

5.1.5 Afrika Tradisionele Godsdiens

- **Afrika-godsdiens het nie 'n stigter nie.**
- **Dit is aan die eerste generasie openbaar.**
- **As mense doodgaan, sluit hulle aan by die geesteswêreld. Dit bevorder die waardes van 'ubuntu.'**

Kopiereg voorbehou 

- **Die voorvaders speel die rol van boodskppers van die Skepper.**
- **Die gemeenskaplike manier van lewe is sentraal. Lewe na die dood sluit nie vergoeding of straf in nie.**
- **Hulle glo in lewe na die dood.** (6)

(4 x 6) (24)

5.2 Verduidelik die volgende begrippe soos van toepassing op godsdienste:

5.2.1 Vergelykbaarheid
- **Dit beteken dat twee of meer dinge vergelyk kan word.**
- **'n Mens kan sommige verskille en sommige ooreenkomste vind (of slegs een van hierdie).**
- **Vergelyking kan eksplisiet of implisiet wees.** (4)

5.2.2 Monoteïsme
- **Dit is die geloof in 'n enkele Hoër Wese.**
- **Dit is 'n eienskap van die Abrahamiese gelowe.**
- **Dit is ook 'n oortuiging van die Afrika Tradisionele Godsdiens.** (4)

5.2.3 Gelykenis
- **Dit is 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer.**
- **Dit kan 'n godsdienstige vraag beantwoord.**
- **Dit is gewoonlik kort en bevat 'n morele les.** (4)

5.2.4 Politeïsme
- **Dit is 'n geloof in verskeie hoër wesens.**
- **Dit kan ook beteken dat daar baie manifestasies van een God is.** (4)

5.2.5 Fundamentalisme
- **Dit is 'n vorm van selektiewe konserwatisme.**
- **Dit kombineer tradisie met elemente van moderne gemeenskap.**
- **Die doel is om die belange van 'n godsdienstige groep of splintergroepe te bevorder.** (4)

5.3 Noem die verskil tussen 'n *tradisionele geneser* (Inyanga, Mai'ne) en 'n *waarsêer* (Isangoma).
- **Die Inyanga is primer 'n geneser**
- **'n Tradisionele geneser is 'n persoon wat mense help wat siek is met kruie en natuurlike medisyne.**
- **Hy/Sy bied die dienste van mediese genesing in 'n gegewe gemeenskap aan.** (6)
- **'n Waarsêer tree as tussenganger tussen die lewende mense en die voorvaders op.** **[50]**

* Partykeer is een en dieselfde persoon 'n Inyanga of 'n IsangomaB

**TOTAAL AFDELING B: 100**

**GROOTTOTAAL: 150**